**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 12 NOVEMBER 2024 OM 08:30 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. RC Gerber | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN001/11/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna die Bestuurder: Strategiese Dienste die vergadering open met gebed.

***

**BKN002/11/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Interne Ouditeur – afwesig met verskoning (studieverlof)

***

**BKN003/11/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/11/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN005/11/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/11/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/11/2024**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder meld dat sy en die Bestuurder: Inkomste Subpoenas ontvang het om op Woensdag 20 November 2024 in die Bellville Kriminele Hof te getuig insake ex-werknemer.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN008/11/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die Direktorate besig is met hul Strategiese Sessies en wens sy hulle sterkte toe;
- Sy wens almal sterkte toe vir die laaste gedeelte van die jaar; en
- Sy wens die Uitvoerende Burgemeester sterkte toe met die Premier se besoek op Dinsdag 12 November 2024.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededeling:

- Dat hy 'n verslag sal voorberei vir voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee na aanleiding van die onderskeie dorpsbesoeke wat hy die afgelope tyd afgelê het.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/11/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/11/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/11/2024**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFBEGROTING**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

Die Munisipale Bestuurder meld dat tydens die Formele Direksievergadering gehou op Maandag 11 November 2024 het die Direksie elke kapitaalprojek bespreek. Voorts meld sy dat die Direkteure bevesig het dat hulle gemaklik is met die vordering en spandering op kapitaalprojekte en die teikendatums daaraan gekoppel.

Die Munisipale Bestuurder, Direkteur Korporatiewe Dienste, Direkteur Tegniese Dienste en die Bestuurder: Strategiese Dienste gee kortliks terugvoering oor kapitaalprojekte.

**BESLUIT**

Dat die Procurement Plan gereeld opgedateer word met remediërende kommentaar rakende afwykings van skedules en teikens.

***DIREKSIE***

***

**BKN012/11/2024**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: STATUS UPDATE: REFURBISHMENT OF THE LOOP STREET SWIMMING POOL IN PIKETBERG</u>**
**17/7/3**

***(Die item word ter tafel gelê soos elektronies apart versprei)***

Raadsheer Wessels lei die item breedvoerig in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Gemeenskapsdienste.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat Gemeenskapsdienste Akasiastraat se verslae herbesoek en verskillende scenario's voorlê aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 26 November 2024, vir strategiese besluitneming oor die pad vorentoe (die totale prentjie); en

2. Dat Lyners Consulting Engineers genooi word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 26 November 2024 vir die bespreking en oorweging van die toekoms van die twee swembaddens en ander moontlikhede.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE (26/11/2024)***

***

**BKN013/11/2024**
**<u>WYSIGING VAN DIE KREDIETBEHEER EN SKULDINVORDERINGSBELEID</u>**
**5/1/B**

Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met spesifieke verwysing na uitdagings binne die Inkomste departement, voorafbetaalde watermeters en aansluitings vir agterplaas bewoners.

Die Komitee versoek dat 'n gesamentlike werksgroep gestig word uit die Administrasie wat bepaal word deur Direksie, ten einde voorstelle vir die pad vorentoe te bepaal.

Die Munisipale Bestuurder meld dat sy die werksgroep deur die bestaande Formele Direksie forum sal fasiliteer. Voorts meld sy dat sy die Direksie sal versoek om te sorg dat almal wat deel moet wees van die werksgroep, die volgende Formele Direksievergadering soos geskeduleer vir Maandag 09 Desember 2024 bywoon.

***MUNISIPALE BESTUURDER (09/12/2024)***

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die "auxilliary" verander word van 50% (vyftig persent) na 90% (negentig persent);

2. Dat rekeninghouers moet inkom om 'n afbetalingsreëling te tref om 100% (een honderd persent) krag te ontvang; en

3. Dat sou die afbetalingsreëling nie nagekom word soos wat dit tans staan in die beleid nie, daar 'n 75% (vyf en sewentig persent) "auxilliary" gelaai word tot en met die agterstallige rekening op datum gebring is, vir 'n maksimum tydperk van 24 (vier en twintig) maande.

***

**BKN014/11/2024**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT FOR SEPTEMBER 2024**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the September 2024 Supply Chain Management Implementation Report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**BKN015/11/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 05 NOVEMBER 2024**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN016/11/2024**
**VOORSIENINGSKANAAL, VIREMENT, OORTYDSPANDERING EN KLIËNTEDIENSVERSLAG: 01 OKTOBER 2024 – 24 OKTOBER 2024**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**AANBEVELING**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van vordering met Voorsieningsplan, kapitaalspandering, viremente, oortydspandering en kliëntediensverslag.

***

**BKN017/11/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 05 NOVEMBER 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN018/11/2024**
**MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN019/11/2024**
**MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN020/11/2024**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

*****

**BKN021/11/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

*****

**BKN022/11/2024**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN023/11/2024**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:25***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)*****